



Vak: Graad 8 Afrikaans: EAT
Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen
Totaal: 76 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10

Tronkvoël: Duif uiteindelik vrygelaat in Indië

1. 'n Duif wat ag maande lank deur die polisie in Indië aangehou was, is vrygelaat ná hy onskuldig bevind is as 'n vermoedelike Chinese spioen.
2. Die duif is by 'n hawe in die hoofstad Mumbai gevind met "boodskappe in 'n Chinese-tipe skrif" op sy vlerke, het die *Times of India*-koerant berig.
3. Die duif is agter slot en grendel gehou by 'n stadshospitaal terwyl die polisie die saak ondersoek het.
4. Die ondersoek het 'n verstommende ag maande lank geduur. Daarna het die polisie die hospitaal toestemming gegee om die duif vry te laat. Die duif het in goeie gesondheid weggevlieg.
5. Die duif was die jongste van verskeie wat deur die Indiese owerhede aangehou is op aanklagte van spioenasie. In 2016 is 'n duif in aanhouding geplaas nadat 'n boodskap met 'n dreigement aan die eerste minister van Indië, Narendra Modi, aan hom gevind was. Die duif was naby die grens tussen Indië en Pakistan gevind.
6. In 2010 is 'n duif ook aangehou deur gewapende magte wat in dieselfde streek opgespoor was met 'n Pakistanse telefoonnommer en 'n adres in rooi ink op sy lyf gedruk. Die beamptes het opdrag gegee dat niemand die duif mag besoek nie. Hulle het gedink dat die duif op 'n spesiale spioenasiesending was.

Bron: Maroelamedia.co.za 2 Februarie 2024

Woordeskat

aangehou - detained
beamptes - officials
boodskappe - messages
dreigement - threat
duif - pigeon / dove
gewapende - armed
grens - boarder
hawe - harbour
onskuldig - innocent
spioenasiesending - spy mission
stadshospitaal - city hospital
toestemming - permission
vermoedelike - presumably
verstommende - astonishing



Vraag 1: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal die woord aan in paragraaf 4 wat aandui dat die mense verbaas was oor hoe lank die ondersoek geduur het.

Verskaf **slegs een woord**. Onthou om **aanhalingstekens** te gebruik.

--

Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Duif wat in 2016 aangehou is, het 'n boodskap met 'n (1) aan die eerste (2) aan hom gehad.

Opsies Is: belofte | dreigement | regering | minister

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 3: Waar/Onwaar

2 punte

Die duif wat naby Mumbai gevind is, is skuldig bevind aan spioenasie.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 4: Waar/Onwaar

2 punte

Die hoofstad van Indië is by see geleë.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die artikel oor die duif het in die ...-koerant verskyn.

Verskaf **slegs drie woorde**.

--



Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Waar is die duif aangehou terwyl die saak ondersoek was?

Verskaf **slegs een woord**.

--

Vraag 7: Waar/Onwaar

2 punte

Die duif was goed versorg terwyl hy aangehou is.

WAAR**ONWAAR****Vraag 8: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Die Indiese owerhede het gedink die duif spioeneer vir

- | | |
|----------|---------------------|
| A | Rusland |
| B | China |
| C | Australië |
| D | die eerste minister |

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die Indiese owerhede het al (1) keer duiwe aangehou op aanklagte van (2) .

Opsies Is: twee | drie | diefstal | spioenasie

1	
----------	--

2	
----------	--



Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

'n Spioen probeer ander se ...

- | | |
|----------|-----------------|
| A | goud steel |
| B | geheime uitvind |
| C | banke beroof |
| D | treine steel |

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25

Die tuindui

1. Die wildeposduif of tuindui kom algemeen in Suid-Afrikaanse dorpe en stede voor.
2. Stadsbewoners het die vestiging van hierdie duiwe aangemoedig deur kos vir hulle neer te sit.
3. Die tuindui is volop in stedelike gebiede. Hulle word dikwels in groot swerms in stadsparkes en ander groot gebiede aangetref, en is goed aangepas by die menslike leefwyse. Die tuindui het 'n las in baie stede geword, en is nie welkome inwoners nie omdat hulle die lysies en dakke van geboue met hulle mis bevuil.
4. Die tuindui se vere wissel van swart, blou, grys, wit, en rooibruin kom ook voor. Hulle het swart dwarsstreepe oor die vlerke en stert, 'n wit vlek op die kruis en glansende groen en pers aan die kante van die nek. Die wyfie is valer as die mannetjie, met minder glans aan die nek.
5. Hulle woon in stadsgebiede. Hul dieet is feitlik heeltemal aangepas by die mens s'n. Hulle sal broodkrummels, saad, vrugte en enige iets eetbaars verorber. Die groot toename in hulle getalle en hulle vinnige verspreiding kan dus hoofsaaklik toegeskryf word aan die geskenke van "vriendelike" mense.
6. Broeityd is dwarsdeur die jaar. Hulle broei graag op 'n huis of kantoorgeboue, want daar is geskikte lysies of openinge in die dakkappe. Die meeste mense jaag hulle weg! Hulle broei enige maand van die jaar en lê gewoonlik 2 eiers. Hulle broei vir sowat 18 dae. Na sowat 30 dae is die kuikens volgroeid.

Bron: Wikipedia

Woordeskat

aangemoedig - encouraged
aangepas - adapted
bevuil - make a mess
broodkrummels - breadcrumbs
broeityd - incubation period
eetbaars - edible
geskenke - gifts
glansende - glossy
hoofsaaklik - mainly
inwoners - residents



leefwyse - lifestyle
mis - pigeon droppings
kantoorgebou - office building
stadsbewoners - city dwellers
stadsgebiede - urban areas
stedelike - urban
toename - increase
tuinduif - garden pigeon / dove
verspreiding - distribution
vlek - spot
volgroeid - fully grown

Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal 'n voorbeeld van 'n verkleining aan uit die sin in paragraaf 6:

"Hulle broei graag op 'n huis of kantoorgeboue, want daar is geskikte lysies of openinge in die dakkappe."

Verskaf **slegs een woord**. Onthou om **aanhalingstekens** te gebruik.

Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 5: "Hul dieet is feitlik heeltemal aangepas by die mens s'n."

Die woord, heeltemal, is 'n bywoord van ...

- | | |
|----------|-------|
| A | plek |
| B | wyse |
| C | tyd |
| D | graad |



Vraag 13: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Benoem die sinsoort.

Paragraaf 6: "Die meeste mense jaag hulle weg! "

Verskaf **slegs een woord**.**Vraag 14: Waar/Onwaar**

2 punte

Paragraaf 6: "**Broeityd** is dwarsdeur die jaar."Die woord, **broeityd**, is 'n afleiding.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal 'n voorbeeld van trappe van vergelyking aan uit die sinsdeel in paragraaf 4:

"Die wyfie is valer as die mannetjie ..."

Verskaf **slegs twee woorde**. Onthou om **aanhalingstekens** te gebruik.**Vraag 16: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Paragraaf 1: "Die wildeposduif of tuinduif kom algemeen in Suid-Afrikaanse dorpe en stede voor."

Dit is

- | | |
|----------|---------------------------------|
| A | in die direkte rede geskryf |
| B | 'n enkelvoudige sin |
| C | 'n voorbeeld van stereotipering |
| D | 'n bevelsin |



Vraag 17: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 5: "Hulle woon in stadsgebiede."

Die sin is in die verlede tyd geskryf.

Vraag 18: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 3: "Hulle word dikwels in groot swerms in stadspärke en ander groot gebiede **aangetref**, ..."

Die woord, **aangetref**, is 'n deelwoord.

Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Ons lees in paragraaf 5 van "vriendelike" mense.

'n Antoniem vir vriendelik is ...

Verskaf **slegs een woord**.

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 5: "Hulle sal broodkrummels, saad, vrugte en enige iets eetbaars **verorber**."

Die woord, **verorber**, is 'n aanduiding van vooroordeel teenoor die tuinduif.



Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 6: "Hulle broei vir sowat 18 dae."

Dit is 'n uitroepsin.

WAAR

ONWAAR

Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 3: "Die tuinduif is volop **in stedelike** gebiede."

Kies die woordsoorte:

in - (1) ,

stedelike - (2) .

Opsies is: lidwoord | voorsetsel | bywoord | byoeglike naamwoord

1

2

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Paragraaf 2: "Stadsbewoners het die vestiging van hierdie duiwe aangemoedig ..."

Hierdie sin is in die ... tyd geskryf.

Verskaf **slegs een woord**.

--



Vraag 24: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 3: "Die tuinduiwe het 'n las in baie stede geword, en is nie welkome inwoners nie **omdat** hulle die lysies en dakke van geboue met hulle mis bevuil."

Kies die woordsoorte:

'n - (1) ,

omdat - (2) .

Opsies Is: intensiewe vorm | onbepaalde lidwoord | bywoord | voegwoord

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 25: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 1: "Die wildeposduif of tuinduif kom algemeen in Suid-Afrikaanse dorpe en stede voor."

Die letters - alg. - is 'n ... vir die woord, algemeen.

- | | |
|----------|-------------|
| A | verkleining |
| B | verkorting |
| C | akroniem |
| D | sinoniem |

Totaal: 76 Punte